GREY KOLLEGE SEKONDÊR
COLLEGE SECONDARY
A SOUTH AFRICAN PARALLEL MEDIUM SCHOOL FOR BOYS
'N SUID-AFRIKAANSE PARALLELMEDIUMSKOOL VIR SEUNS
Gestig 1855 Founded

VAKKEUSEVOORLIGTING VIR GRAAD 9 LEERDERS

Die *Leer en Ondersteuning Sentrum* by Grey Kollege Sekondêr doen ’n volledige psigometriese evaluasie waartydens u seun ’n skolastiese aanlegtoets, ’n persoonlikheidsvraelys, twee belangstellingsvraelyste en ’n biografiese vraelys sal voltooi. Die psigometriese evaluasie duur gewoonlik van 09:00 tot ongeveer 12:00. ’n Individuele terugvoersessie word dan geskeduleer waartydens hy in die besluitnemingsproses bygestaan sal word. Ons versoek dat, indien moontlik, u as ouer hierdie terugvoersessie saam met u seun bywoon,

Hierdie diens (psigometriese evaluasie en terugvoersessie) word gelewer teen ’n spesiale tarief vir 2016 van R600.00, slegs vir Grey leerders. U sal ook ’n samevattende bylaag ontvang waarin u seun se psigometriese resultate, sowel as die aanbevelings, kortliks aangeteken word. Indien u so sou verkies, kan u teen ’n addisionele koste van R350,00 ’n gedetailleerde bykomende verslag aanvra waarin die psigometriese resultate bespreek word en die aanbevelings aangaande die vakkeuses gemotiveer word.

Kontak die Sentrum deur 051-444 1513 te skakel en dan opsie 5 te selekteer om afsprake te maak. Moet asseblief nie skroom om ons te kontak met enige navrae nie.

Wees verseker dat u kind se toekoms ook vir ons belangrik is.

Tel: + 27 (0) 51 444 1513 * Fax: + 27 (0) 51 444 5012 * Email: lclaassens@gc.co.za
Chanell Cuyler-Greeff – Psychologist M.A. (Counselling Psychology)